

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊


Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES
NOVEMBER 2011
MOONTLIKE ANTWOORDE

PUNTE: 200

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

AFDELING A

ANTWOORDBLAD

VRAAG 1.1						
1.1.1	A	B	C	D	(1)	Onthou LO 12.2.1
1.1.2	A	B	C	D	(1)	Onthou LO 12.2.1
1.1.3	A	B	C	D	(1)	Verstaan LO 12.2.1
1.1.4	A	B	C	D	(2)	Onthou LO 12.2.1
1.1.5	A	B	C	D	(1)	Verstaan LO 12.2.3
1.1.6	A	B	C	D	(2)	Verstaan LO 12.2.3
1.1.7	A	B	C	D	(2)	Onthou LO 12.2.3
1.1.8	A	B	C	D	(1)	Onthou LO 12.2.5
1.1.9	A	B	C	D	(1)	Onthou LO 12.4.1
1.1.10	A	B	C	D	(2)	Verstaan LO 12.4.1
1.1.11	A	B	C	D	(2)	Onthou LO 12.1.2
1.1.12	A	B	C	D	(1)	Verstaan LO 12.2.6
1.1.13	A	B	C	D	(2)	Verstaan LO 12.2.6
					(19)	

NOTE: 1.1.3 Indien meer as een kruisie is antwoord verkeerd.

VRAAG 1.2							
1.2.1	A	B	C	D	E		(1)
	I	ii	iii	iv	v	vi	(1)
1.2.2	A	B	C	D	E		(1)
	I	ii	lii	lv	v	vi	(1)
1.2.3	A	B	C	D	E		(1)
	I	ii	lii	iv	v	vi	(1)
							(6)

Toepassing LO 12.2.1

VRAAG 1.3							
A	B	C	D	E	F	(3)	

Toepassing LO 12.2.6

VRAAG 1.4											
A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	(4)	

Onthou LO 12.2.1

VRAAG 1.5		
1.5.1 verbruiker	Onthou LO12 1.1	(1)
1.5.2 vergelykende	Onthou LO12 1.1	(1)
1.5.3 kwitansie	Onthou LO12 1.1	(1)
1.5.4 hoë kwaliteit / kwaliteit	Onthou LO12 1.1	(1)
1.5.5 aksynsbelasting	Onthou LO 12.1.2	(1)
1.5.6 repokoers	Onthou LO 12.1.2	(1)
1.5.7 styg	Onthou LO 12.1.2	(1)
1.5.8 Verbruikersprysindeks (VPI)	Onthou LO 12.1.2	(1)
		(8)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1
- Eet voedsel wat baie kilojoules bevat/ energie-digte voedsel /Voedsel wat baie suiker✓ en versadigde vette✓ bevat word ingeneem dit verskaf baie/te veel/oormatige hoeveelhede kilojoules/energie/oortollige energie word as vet gestoor ✓
 - Al die energie word nie gebruik nie ✓ as gevolg van verminderde fisiese aktiwiteit/min oefening word gedoen / lui ✓ en mense tel gewig op. (4)

Verstaan LO 12.2.1

2.1.2(a) $LMI = kg \div m^2$
 $= 85 kg \div (1.65m)^2 / 1.65m \checkmark$ **OF** $85 kg \div 2.72 \checkmark$
 $= 31 / 31.2 \checkmark$ (2)

Toepassing LO12.2.1

- 2.1.2(b)
- LMI oorskry 30✓
 - Die massa oorskry die standaard gebaseer op lengte ✓
 - Die persoon het 20% meer liggaamsmassa as wat aanbeveel word /persoon weeg meer as aanbevole gewig / persoon weeg 10 kg meer as normale gewig✓
 - Oortollige vet gaar op in die liggaam / oormatige oorgewig✓
 - Die persoon eet baie meer as wat die liggaam benodig✓ (1)
 - Dit is 'n vorm van wanvoeding✓ (Enige 1)

Onthou LO 12.2.1

- 2.1.3(a) Enige antwoord van 0.1kg (100g) - 1 kg per week / minder as 1 kg per week ✓ (1)

Onthou LO 12.2.1

- 2.1.3 (b)
- Verminder die aantal kilojoules wat daaglik ingeneem word/volg 'n lae-kilojoule diet ✓
 - Eet minder vet/verminder die vetinname/eet lae vet voedselprodukte/Die vetinhoud van die dieet behoort nie meer as 30% te wees nie/Eet minder kitskosse✓
 - Eet meer groente en vrugte/Eet ten minste 5 porsies vrugte en groente elke dag ✓
 - Eet minder rooivleis/eet meer hoender en vis/eet meer wit vleis
 - Eet meer vesel/ komplekse koolhidrate/volgrane/volgraanmeel en – brood in plaas van wit/eet bruin rys in plaas van wit rys/Eet meer onverfynde grane/Eet minder verfynde produkte✓
 - Eet meer lae GI voedsel ✓
 - Beperk voedsel/drankies met baie suiker✓
 - Beperk alkohol/moutsuiker / mqombothi✓
 - Eet ten minste drie maaltye per dag/5 – 6 kleiner maaltye✓
 - Eet ontbyt ✓

NSS – I

- Moenie 'n groot maaltyd laat in die aand eet nie✓
- Drink 6-8 glase water per dag✓
- Gebruik gesonder kookmetodes/. Stoom /rooster in plaas van braai✓

(Enige 6) (6)

Onthou LO 12.2.1

2.2 2.2.1 9–13 jaar en /of 14–18 jaar

OF

9–18 jaar

(1)

Onthou LO 12.2.1

- 2.2.2
- Vinnige beengroei vind plaas/skeletgroei/beenvorming ✓ tydens die tienerjare
 - Kalsium is noodsaaklik vir die vorming van sterk bene en tande/mineralisasie van bene/om beendigheid / beenmassa te verbeter ✓

(2)

Verstaan LO 12.2.1

2.2.3 (a) Osteoporose✓

(1)

Verstaan LO 12.2.1

- 2.2.3 (b)
- Fosfor ✓
 - Vitamien D ✓
 - Fluoor ✓
 - Vitamien C✓

(Enige 2) (2)

Onthou LO 12.2.1

- 2.2.3 (c)
- Teen die ouderdom van 30, word kalsium nie meer vervang nie en verminder die kalsiuminhoud/later in die lewe word kalsium vinniger onttrek as wat dit vervang word/stadige verlies van beendigheid/stadige verlies van beenweefsel ✓
 - Die bene word swak/bros/breek maklik /dunner/kleiner/broos/minder dig/poreus/geleidelike verlies van beendigheid/verminderde beenmassa/minder krag ✓
 - Verhoogde risiko van frakture van die heupe/bene/ruggraat/ gewrigte ✓

(Enige 2) (2)

Toepassing LO 12.2.1

- 2.2.4
- Vrouens ontwikkel makliker osteoporose ✓
 - Mans verloor nie beenmassa so gou soos vroue nie ✓
 - Estrogeen help om die beenmineraaldigtheid te behou/te min estrogeen bevorder beenverlies ✓
 - Beenverlies neem toe wanneer menstruasie ophou/vinnige beenverlies tydens menopouse ✓
 - Tydens swangerstappe kan vroue meer kalsium verloor wat 'n impak op hierdie stadium kan het ✓
- (Enige 2) (2)

Toepassing LO 12.2.1

- 2.2.5 Melk en melkprodukte / Suiwelprodukte ✓ (1)

Onthou LO 12.2.1

- 2.3 2.3.1 Lae vet ✓ (1)

Verstaan LO12 1.1

- 2.3.2
- Dit bevat room en volroom melk/hoë kilojoule waarde ✓
 - Wat baie vet bevat/Die vetinhoud is meer as 3 g/100g of 7.5/30g
Totale vetinhoud is 25.1 g / 100g of 7,5 / 30g / hoë versadigde vetinhoud ✓
- (2)

Toepassing LO 12.2.1

- 2.3.3
- Kontak ABC kleinhandelaar/die kleinhandelaar/winkel waar die voedsel gekoop is ✓
 - Skakel die klantediens/vervaardiger ✓
 - Rapporteer aan die verbruikersorganisasie/Gesagsowerheid vir Reklamestandaarde (ASA) , Wet op Handelspraktyke, Nuwe Wet op Verbruikersbeskerming
 - Indien nie besleg nie, klop aan by die Verbruikersforum ✓
 - Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie ✓
 - Nasionale Regeringsverbruikersakekantoor ✓
 - Die plaaslike gesondheidsinspekteur ✓
 - Die Departement van Gesondheid ✓
- (Enige 3) (3)

Onthou LO 12.1.1

- 2.3.4
- Hierdie produk is nie geskik nie ✓ (1)
 - Motivering
 - Die totale vetinhoud is baie hoog ✓ en dra by tot die hoë bloed-cholesterolvlakke ✓
 - Die versadigde vetinhoud is baie hoog ✓ en sal ook bydra tot die hoë bloed-cholesterolvlakke ✓
 - Die mono- en poli-onversadigde vetinhoud is relatief laag ✓ 6.2 g per 100 g of 1 g per 30 g wat nie goed is nie aangesien hierdie vette help om die cholesterolvlakke te verlaag ✓

NSS –

- Die natrium/soutinhoud is relatief hoog ✓ wat sal bydra tot hoë bloeddruk ✓
- Die veselinhoud is baie laag/0.6g per 100g of 0.2 g per 30 g ✓ wat nie goed is nie omdat oplosbare vesel help om bloed-cholesterolvlakke te verlaag. ✓

(Enige 4 x 2) (8)

Evaluering LO 12.2.1

TOTAAL AFDELING B: 40**AFDELING C: KLEDING****VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 Modeneigings
- Dit is die algemene rigting ✓ waarin modesilhoëtte verander/verandering in modestyle ✓/wat populêr is op 'n gegewe tydstip ✓
 - Subtiele veranderings in modestyle (bv die langer of korter word van die soomlyn) ✓
 - Enige toepaslike voorbeeld wat die term beskryf. ✓ (Enige 2) (2)
- 3.1.2 Modegiere/grille
- 'n Uitspattige mode ✓ wat op 'n gegewe tydstip gedra word/gewoonlik net deur 'n klein groepie aanvaar en verdwyn net so vinnig weer ✓/bykomstighede is dikwels modegiere ✓
 - Modes wat vinnig populêr word ✓ en net so vinnig weer verdwyn/duur gewoonlik net een seisoen/van korte duur ✓/dikwels in die vorm van bykomstighede ✓
 - Enige toepaslike antwoord wat die term beskryf. ✓ (Enige 2) (2)
- 3.1.3 Mode
- Huidige/kontemporêre kledingstyle ✓ wat deur 'n groot groep mense gedra word op 'n gegewe tydstip ✓
 - Voortgesette veranderinge in kledingstyle, ✓ wat aanvaar en gedra word deur groot groepe/die meerderheid dra dit op 'n gegewe tydstip ✓
 - Kledingstyle ✓ wat gewoonlik een tot drie jaar gedra word ✓
 - Enige toepaslike antwoord wat die term beskryf ✓ (Enige 2) (2)
- 3.1.4 Styl
- Die lyne ✓ wat een vorm van 'n ander onderskei ✓
 - 'n Eiesoortige/unieke vorm van klere ✓ met herkenbare kwaliteite wat dit van ander onderskei
 - 'n Besondere voorkoms ✓
 - Enige toepaslike voorbeeld wat die term beskryf. (A-lyn-romp/nousluitende romp/mandarynkraag ✓ (Enige 2) (2)

Onthou LO12.2.4

- 3.2 3.2.1
- Om te verseker dat slegs die vervaardiger✓ die naam kan gebruik / dui op die uniekheid van die vervaardiger ✓
 - Dit is 'n bemarkings-instrument ✓ wat gebruik word om die verkope van 'n spesifieke produk ✓ van 'n geregistreerde maatskappy te verhoog
- (2)

Toepassing LO 12.2.4

- 3.2.2
- Hulle voel deel van die groep wat die handelsnaametiket dra/ander klere weerspieël nie die neiging nie✓
 - Hulle volg die nuutste neigings/handelsnaametikette word as modieus beskou✓
 - Voel deel van 'n eksklusiewe groep/voel belangrik/voel populêr/dra klere wat ander beny/aanvaar/fisiese aantrekkingskrag/ konformeer met portuurgroep✓
 - Rebelleer teen aanvaarde norme / toon individualiteit ✓
 - Dra van handelsnaametikette verhoog self-esteem✓
 - Handelsnaametikette wys dat hulle dit kan bekostig/weerspieël hul ekonomiese status/dra duur klere/kan by duur winkels koop✓
 - Dit weerspieël goeie smaak/kwaliteit ✓
 - Skep 'n gevoel van sukses✓
- (Enige 5) (5)

Toepassing LO 12.2.3

- 3.3 Meeste verbruikers/bykans almal /Kies die style/gebruik of dra dit/wil die klere/neiging hê ✓
- (2)

Verstaan LO 12.2.4

- 3.4 3.4.1
- Antwoorde moet ENIGE vier verskillende meng –en-pas kombinasies met 'n wit hemp of wit bloes insluit.
Byvoorbeeld:
Langbroek, das/serp, hemp/bloese, onderbaadjie vasgeknoop✓
- Langbroek, das/ serp, hemp/bloese✓
 - Langbroek, das/serp, bloese/hemp, baadjie vasgeknoop✓
 - Langbroek, das/serp, hemp/bloese, onderbaadjie oopgeknoop ✓
 - Langbroek, das/serp, bloese/hemp, baadjie oopgeknoop✓
- (Enige 4) (4)

Antwoorde moet ENIGE vier verskillende meng-en-pas kombinasies insluit.

Toepassing LO12. 2.3

- 3.4.2
- Vlootblou langbroeke in verskillende style✓
 - Wit hemde of wit bloeses in verskillende style✓
 - Swart skoene in verskillende style style✓
 - Verskillende kleure dasse / serpe✓
 - Bykomstighede en juwele binne perke✓
 - Persoonlike versorging/hare/naels/grimering✓nie uitspattig nie

NSS -

- Aantal meng-en-pas items wat hul persoonlikhede weerspieël✓
- Knoop serp of das op 'n ander manier✓om individualiteit uit te beeld. (4)
- Dra 'n onderbaadjie/baadjie wat vasgeknoop of losgeknoop is ✓om telkens anders te vertoon. (Enige 4)

Verstaan LO12.2.3

- 3.5 3.5.1(a) Swaar beleërings- / militêre jasse wat deur die Britse en Franse soldate tydens die Eerste Wêreldoorlog gedra is.✓ (1)
- 3.5.1(b) Dame
- Vasgeknoop✓
 - Gebruik die gespe in plaas van om die band te knoop.✓
 - Haal hande uit die sakke✓
 - Verwyder die serp✓
 - Stryk die jas / Jas moet droogskoon gemaak word✓
- OF
- Man
- Vasgeknoop✓
 - Kraag afgeslaan✓
 - Dra 'n hemp en das onder die jas✓
 - Haal hande uit sakke✓ (Enige 2) (2)

Verstaan LO12.2.4

- 3.5.2 Dit is 'n tydlose mode-item✓ (1)

Onthou LO 12.2.4

- 3.5.3
- Eenvoudige lyne / getailleerde lyne✓
 - Geskik vir die meeste figuurtypes / gladde pas en toon nie liggaams kontoere nie✓
 - Geskik vir verskillende ouderdomsgroepe✓
 - Eenvoudige ontwerp✓
 - Klassieke kraag✓
 - Dubbel bors ontwerp / twee rye knope✓
 - Neutrale kleure / effekleure / nie patrone of bedruk ✓ (Enige 4) (4)

Verstaan LO12.2.4

- 3.5.4 (Thomas) Burberry✓ (1)

Onthou LO12.2.4

- 3.5.5
- As bekende persoonlikhede sekere klere dra, stimuleer dit mode verandering.✓
 - Bekende persoonlikhede dra Haute Couture / Hoogmode klere✓
 - Bekende persoonlikhede word gesien as rolmodelle/mense idioliseer bekendes/wil net so suksesvol wees✓
 - Media blootstelling van bekende persoonlikhede versnel modeverandering✓
 - Mense boots die bekendes na/volg die bekendes en die mode word meer gewild/meer mense koop dit✓
 - Die produkte is maklik verkrygbaar✓
 - Style word eenvoudiger ✓
 - Style word goedkoper/meer bekostigbaar✓

(Enige 6)

(6)

Analise LO12.2.4

TOTAAL AFDELING C: 40**AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT****VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 Oordragskoste
- Geld wat aan die aktebesorger/prokureur/betaal word ✓
 - Wanneer die eiendom oorgedra word van die verkoper na die koper/om toesig te hou oor die proses ✓

(2)

Onthou LO 12.2.5

- 4.1.2 Titellakte
- Dit is 'n dokument waarin die besonderhede van eienaarskap✓
 - Besonderhede van die eiendom word gegee✓

(2)

Onthou LO 12.2.5

- 4.1.3 Aktekantoorfooi
- Geld wat aan die aktekantoor betaal word ✓
 - Om die eiendom in die koper se naam te registreer ✓

(2)

Onthou LO 12.2.5

- 4.2
- Bewys van indiensneming of pensioen /Bewys van sekuriteit/kollaterale sekuriteit ✓
 - Terugbetalingspaaiment behoort nie meer as 25-30% van die (gesamentlike) maandelikse inkomste te wees nie/bewys dat jy wel instaat sal wees om die lening/maandelikse paaiment terug te betaal ✓
 - Jy moet kredietwaardig wees/Goeie krediet rekord hê/ Bank sal by krediet buro navraag doen ✓
 - Waardasie van die eiendom moet gedoen word om te verseker dat die bank die geld sal terugkry indien die koper versuim om terug te betaal/Die assessor bepaal of die eiendom voldoen aan die grootte van die lening ✓
 - Bouplanne✓
 - Bewys van Identiteitsdokumente/Suid-Afrikaanse burgerskap✓

(Enige 4)

(4)

Onthou LO 12.2.5

- 4.3 4.3.1(a)
- Aanvanklik sal dit goedkoper wees om 'n huis te huur as om een te koop ✓ omdat albei nog studieleninge om terug te betaal ✓
 - Die huurgelde is vasgestel vir bepaalde periode ✓ en dit sal hulle help om binne hul begroting te bly ✓
 - Hulle sal nie onderhoudskoste betaal nie/hulle is nie verantwoordelik vir die onderhoud nie ✓ hulle sal hul begroting versigtig moet opstel ✓
 - Hulle kan maklik verhuis ✓ as John na 'n ander dorp verplaas word. ✓
 - John werk vir 'n bank ✓ en kwalifiseer vir 'n laer rentekoers ✓ en dit sal hom help met sy finansiële verpligtinge na te kom ✓

Enige toepaslike antwoord uit die scenario maar elke rede kan net een maal gemerk word.

(Enige 3 x 2) (6)

- 4.3.1(b)
- Dit is 'n belegging ✓ omdat die waarde met die tyd verhoog ✓
 - Wettige eienaar van die eiendom ✓ sal dit aan hul kinders kan nalaat ✓
 - Dit gee 'n gevoel van sekuriteit ✓ /hulle kan dit as sekuriteit gebruik om 'n lening te bekom ✓
 - Melissa kan veranderinge aanbring soos sy wil ✓ sonder om toestemming by enigeen te kry nie ✓
 - Hulle kan enige tyd die huis verkoop/geen bindende kontrakte nie ✓

Enige toepaslike antwoord uit die scenario maar elke rede kan net een maal gemerk word.

(Enige 3 x 2) (6)

Verstaan/Toepassing LO 12.2.5

- 4.3.2
- Huur ✓ (1)
 - Redes:
 - Melissa het 'n tydelike werk ✓
 - John mag verplaas word. ✓
 - Hulle betaal nog hul studieleninge terug ✓
 - Gesien in die lig van hul huidige omstandighede behoort hul nie langtermyn verbintenisse aan te gaan nie ✓
 - Aanvanklik is dit goedkoper om te huur as om eiendom te koop ✓ /hulle kan geld spaar vir toekomstige gebruik ✓
 - Kan geld spaar omdat daar geen onderhoudskoste verbonde is nie ✓ (Enige 1) (1)

Toepassing LO 12.2.5

- 4.4
- Dit is 'n veilige metode om goed te koop ✓
 - Gerieflik omdat mens nie kontant hoef saam te dra nie ✓
 - Verbruikers kan duur items koop wat hul andersins nie sou kon bekostig

NSS –

nie/Verbruikers kan noodsaaklike goedere koop wat hul andersins nie sou kon doen nie/verbeter hul maandelikse kontantvloei ✓

- Skuld word oor 'n periode versprei ✓
- Kan goedere gebruik terwyl dit nog betaal word. ✓
- Help om hul kredietwaardigheid/krediet rekord op te bou ✓

(3)

(Enige 3)

Onthou LO 12.2.6

- 4.5 4.5.1 Ja ✓
Die Wet op Verbruikersbeskerming ✓ (2)

Toepassing LO 12.1.1

- 4.5.2 Hy moes die verbruiker geskakel het om te vra of hy mag voortgaan met die herstelwerk. ✓ (1)

Verstaan LO 12.1.1

- 4.5.3 • Radio bereik baie mense /baie mense luister na die radio ✓
• Radio is toeganklik vir baie mense/Meeste mense het selfone/telefone om die stasie te skakel ✓
• Klagtes wat deur die radio omroepers ondersoek word, word vinnig opgelos omdat maatskappye nie van slegte publisiteit hou nie ✓
• Een van die goedkoopste maniere om die boodskap te versprei ✓
• Advies / boodskappe wat uitgaan is betroubaar. ✓
(Enige 2) (2)

Toepassing LO 12.1.1

- 4.6 4.6.1 Elektrisiteit
• Sonpanele op die dak: ✓ Genereer energie van die son om water te verhit/minder Eskom elektrisiteit sal gebruik word. ✓
• Isolاسie op die plafon: ✓ Hou die huis koeler in die somer en warmer in die winter/gebruik minder elektrisiteit in die winter om huis warm te maak en minder in die somer om die huis koel te maak ✓
• Groot venster: ✓ Laat meer lig in/sonlig/meer natuurlike lig, dus is dit onnodig om bedags die ligte aan te skakel/huis word warm gedurende die dag in die winter ✓
• Vloerplaat: ✓ Warmer as teëls of sementvloere – hoef nie verwarmers te gebruik nie/minder elektrisiteitsverbruik in die winter ✓
(Enige 2 x 2) (4)
- 4.6.2 • Gryswaterstelsel: ✓ Bad- en waswater sal gebruik word om tuin nat te lei/minder munisipale water word gebruik ✓
• Reënwaterrenk: ✓ Reënwater word opgevang om tuin nat te lei/minder munisipale water word gebruik ✓
(Enige 2 x 2) (4)

Skep LO 12.3.4

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 Ruth is/het:
- Vol selfvertroue✓
 - Optimisties/positive ✓
 - Kreatief/ innoverend ✓
 - Hardwerkend ✓
 - Ervare ✓
 - 'n Verantwoordelikeheidsin ✓
 - Goeie organisasie vaardighede ✓
 - Goeie menseverhoudings/Kollegas en die bestuur hou van haar✓
 - Tegniese vaardighede. ✓
 - Sy is veelsydig✓
 - Sy neem berekende risiko's✓
 - Goeie deursettingsvermoë✓
- (Enige 5) (5)

Toepassing LO 12.4.2

- 5.1.2(a) • Fabriekswerkers /al die mense wat by die fabriek werk✓
- Bestuursgroep van die fabriek✓
- Mense wat die fabriek besoek✓
- Gesinne van fabriekswerkers (as hulle voedsel huistoe neem)✓
- (Enige 2) (2)
- 5.1.2(b) • Personeel by die kliniek✓
- Pasiënte by die kliniek✓
- Al die mense by die kliniek✓
- (2)

Verstaan LO 12.4.2

- 5.2 • Om albei partye te beskerm/sodat die werkgewer en die werknemers bewus is van hul ✓
- regte en verantwoordelikehede ✓/basiese voorwaardes van indiensneming/werksomskrywings/maatskappy se reëls✓
- (Enige 2) (2)

Onthou LO 12.4.2

- 5.3 5.3.1 • 'n Swanger vroulike werker wat 'n baba gaan hê/pas geboorte geskenk het✓
- kwalifiseer vir 4 aaneenlopende maande✓
- onbetaalde verlof/werkgewer hoef haar nie tydens die periode te betaal nie✓
- Die verlof kan 4 weke voor die bevalling 'n aanvangs neem/soos wat deur die dokter geadviseer word✓
- Geen werknemer mag werk vir die eerste 6 weke na die

NSS –

bevalling nie✓

- 'n Borsvoedende vrou mag nie werk doen wat gevaarlik is vir haar of die kind nie✓
- Na geboorte geskenk is/doodgebore baba/miskrame mag hulle vir 6 weke werk nie.✓

(Enige 3)

(3)

5.3.2

- Na 4 diensmaande ✓
 - moet meer as 4 dae per week werk ✓
 - kwalifiseer vir 3 dae ✓
 - betaalde verlof per jaar✓
 - Indien minder as 10 persone in diens geneem is, mag dringende privaat sake verlof van die jaarlikse verlof afgetrek word.✓
- Redes vir gesinsverantwoordelikhedsverlof
- Dood van 'n eggenoot/lewensmaat/our/aangenome ouer/grootouer
 - Geboorte van 'n kind/siek kind/aangenome kind/kleinkind
 - Bewys moet getoon word.

(Enige 4)

(4)

Onthou LO 12.4.2

5.4

- Dien as bewys van inkomste en uitgawes vir oudit-doeleindes/Toon aan hoe geld gespandeer is/Toon finansiële posisie ✓
- Verslae word benodig om inkomstebelastingstate te voltooi✓
- Help om sinvolle besluite te kan maak ✓
- Help om doelwitte te stel en die fondse te verkry/beplanning vir die toekoms✓
- Dit verseker dat maandelikse uitgawes betaal word/Indien maandelikse uitgawes betaal word, sal die besigheid nie op die swartlys verskyn nie.✓
- 'n Instrument om die volhoubaarheid van die besigheid te monitor/evalueer/monitor finansiële prestasie op 'n deurlopende basis/Help om finansiële tekortkominge te identifiseer voordat dit te laat is/toon aan of genoeg wins gemaak word/As besigheid 'n goeie omset het, kan geld gespaar word vir toekomstige gebruik✓

(Enige 4)

(4)

Verstaan LO 12.4.1

5.5

LW: Die formule is gegee. GEEN punte word toegeken vir die formule nie.

Produksiekoste = Koste van materiaal + Oorhoofse koste

$$= R18,00 \checkmark + (40 \div 100 \times R18,00 \div 1) / R18,00 + 40\% \checkmark$$

$$= R18,00 + R7,20 \checkmark$$

$$= R25,20 \checkmark$$

$$= R25,20 \times 20 \checkmark$$

$$= R504,00 \checkmark$$

OF

$$R18,00 \times 20 \text{ eenhede } \checkmark = R360,00 \checkmark$$

Produksiekoste = Koste van materiaal + Oorhoofse koste

$$= R360,00 \checkmark + (40 \div 100 \times R360,00 \div 1) / R360,00 + 40\% \checkmark$$

$$= R360,00 + R144 \checkmark$$

$$= R504,00 \checkmark$$

(6)

Toepassing LO12 4.3

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

- 5.6 5.6.1(a) Voedselverkope: Oktober ✓ (1)
- 5.6.1(b) Sagte meublement verkope: Desember ✓ (1)

Verstaan LO12.4.3

- 5.6.2(a) • Voedsel verkope by die fabriek het in Desember verminder ✓ omdat die fabriek tydens Kersfees gesluit was en daar was ook minder klante a.g.v. die vakansie ✓
- Voedselverkope by die fabriek het tydens Januarie verhoog omdat die werkers weer by die werk ✓
- Enige 2 (2 x 2) (4)
- 5.6.2(b) • Tydens Desember het die verkope verhoog ✓ omdat mense met vakansie was en Kersgeskenke gekoop het ✓ meer mense besoek vlooiemarkte tydens Desember ✓
- Sagtemeublement-verkope verlaag in Januarie ✓ want mense het minder geld om te spandeer op artikels by die vlooiemark ✓
- Moontlike kers bonusse ✓ (4)
- Enige toepaslike antwoord ✓ met 'n rede (Enige 2 (2 x 2))

Analiseer LO 12.4.3

- 5.6.3 *Ruth kan voedselprodukte by die vlooiemark verkoop /sy kan 'n ander verkooppunt kry ✓ waar daar meer mense is wat inkopies doen ✓ (2)
- *Sy kan spesiale Kersfees-produkte verkoop/koue produkte vir die somer ✓
- * Spesiale aanbiedings/winskope/combos ✓ (Enige 2)

Analiseer LO 12.4.3

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200